SAKE 24 (Beeld)
29 May 2014, p.15

## Buitensporige salarisse

# Grootbase kry 145 keer soveel soos jy

## Shoprite het grootste salarisgaping

**Gerrit van Rooyen**

Johannesburg. – Die gemiddelde uitvoerende hoof se vergoeding is byna 145 keer soveel soos die gemiddelde Suid-Afrikaanse loon.

Oor die afgelope vyf jaar het die salarisgaping in Suid-Afrika aansienlik toegeneem, want in 2010 was dit "net" 108,9 keer soveel, volgens navorsing van die beleggersfirma Mergence Investment Managers.

In Suid-Afrika, wat een van die hoogste vlakke van inkomste-ongelykheid ter wêreld het, is die onderwerp van uitvoerende hoofde se salarisse 'n netelige saak, sê Brad Preston, portefeuljebestuurder van Mergence. Hy het gister op 'n mediakonferensie in Johannesburg gepraat.

Mergence het in 2013 die vergoedingspakkette van uitvoerende hoofde van maatskappye wat op die JSE genoteer is, bestudeer. Uit dié navorsing blyk dit dat die gemiddelde uitvoerende hoof se vergoeding nou 144,6 keer soveel soos die gemiddelde Suid-Afrikaanse loon is. Die grootste verdieners was die base van groot multinasionale maatskappye soos BHP Billiton, Anglo American en British American Tobacco.

Die sewe hoogs betaalde hoofde het 300 keer soveel soos die gemiddelde werkende Suid-Afrikaner verdien.

Preston sê dit is moeilik om die salarisgaping tussen 'n hoof en die laags besoldigde werker vas te stel, maar die meeste maatskappye weet wat die data vir die gemiddelde werker is.

Shoprite het die grootste salarisgaping tussen 'n hoof en die gemiddelde werker van die maatskappye wat Mergence gemeet het. In 2013 het Whitey Basson, uitvoerende hoof, 725 keer soveel soos die gemiddelde Shoprite-werker verdien.

In Suid-Afrika verdien uitvoerende hoofde gemiddeld 73,1 keer soveel soos die gemiddelde werknemer in dieselfde maatskappy, volgens Mergence se navorsing.

"Vergeleke met sekere ontwikkelde lande is dit nogal hoog," sê Preston. In Australië is die syfer 54,7 keer en in Noorweë net 30,1.

"Ons weet vergoeding is 'n belangrike manier om hoogs bevoegde bestuurders na maatskappye te lok," sê Preston. "Maar terselfdertyd skep ekstreme salarisse en inkomsteongelykheid in maatskappye… langtermyn-risiko's."

Preston stel voor dat genoteerde maatskappye die salarisgaping tussen hul uitvoerende hoof en die laags besoldigde werker in hul jaarverslae bekend maak.

"Amerika is tans besig om die saak te debatteer," sê Preston.

Op die oomblik kan Suid-Afrikaanse aandeelhouers op algemene jaarvergaderings oor uitvoerende hoofde se salaris stem, maar dit is 'n nie-bindende stem.

"Die maatskappy het geen wetlike verpligting om die uitslag van 'n stemming na te kom nie."

Australië, Switserland en Spanje het in die laaste paar jaar wette aanvaar wat aandeelhouers groter mag oor die salarisse van uitvoerende hoofde gee.

### Só vergelyk salarisse

**Gemiddelde HUB*-vergoeding vs. gemiddelde maatskappyloon**




*Hoof- uitvoerende beampte
Bron: Mergence Investment Managers Grafika24

### Top-10 grootste salarisgapings

**HUB vs. gemiddelde werknemer**




Bron: Mergence Investment Managers Grafika24

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*